SÍMEON

. . . Sodat ek weet my deel van die diens nie 'n mislukking sal wees nie, dit sal . . . God se Woord sal nie leeg terugkeer nie, ek sal 'n gedeelte van Sy Woord lees. Die 25ste vers, lees ons hierdie:

> *. . . Daar was 'n man in Jerusalem met die naam van Símeon; . . . hierdie . . . was regverdig en vroom, en het die vertroosting van Israel verwag: . . .*
>
> *. . . Aan hom was dit deur die Heilige Gees geopenbaar, dat hy die dood nie* sou *sien, voordat hy die Christus van die Here gesien het nie.*

Mag die Here Sy seëning voeg by die lees van Sy Woord.

2 Nou, ons wil ons onderwerp neem, vir regtig net 'n paar oomblikke. Gisteraand, het ek myself te buite gegaan en begin preek, omdat, daar 'n lieflike Gees daar was, en ons het net 'n wonderlike tyd gehad. Wanneer ek hierdie Jode sien terugkeer na Jerusalem, herinner dit my dat dit nie langer as net 'n paar weke nou gaan wees nie, wat ek soontoe gaan, as die Here wil. Ek het 'n visioen, hier, wat ek môre-aand vir julle wil gee oor wat sal gebeur wanneer ek daar kom. Skryf dit agter in julle Bybel (en vind uit of dit so is of nie; kyk of—kyk op dit so uitkom), op 'n vel papier, of iets.

3 Broer Jaggers, baie van die res van hulle, gaan in Palestina wees, omtrent rondom Kerstyd, vir 'n uitsending. Ek is genooi om daar te wees, en deur God se genade en hulp, sal ek daar wees op daardie tyd om uit te help met hierdie groot veldtog vir Christus. Ek gaan soontoe, en weet nie wanneer ek sal terugkom nie. Ek het geen bepaalde tyd nie. Ek gaan net bly tot Hy sê: "dis verby," en dan terugkom.

4 Julle het 'n deel hierin gehad, elkeen van julle wat 'n liefdes-offer gegee het vir . . . sending-offerande vir my om oor te gaan. Ek verseker julle, vriende, dat dit is waarvoor dit spandeer sal word. As daar 'n pennie oor is, kan ek 'n middagete vir 'n kind koop vir twee sent. Ek sal daardie honger mense voed met alles wat ek oor het. Ek is seker julle kan nie julle geld vir enigiets beter aanwend nie. Ek waardeer dit. Baie dankie.

5 Ek's 'n arm man. Julle ken my dienste; dis nie vir geld nie, enigiemand weet dit. En ek—ek het dit daaruit gehou, en ek beoog om dit altyd so te hou. Dis die hart van die . . . in my hart, is dit om iemand anders te help. Die grootste seën wat daar is, is om te gee. Dis beter om te gee as om te ontvang.

6 As ek kon bekostig om dienste te hou, ensovoorts, sonder om selfs 'n pennie offerande te hê, sou ek dit doen; maar ek kan nie.

Ek lewe net eenvoudig van die aalmoese van die mense. Julle weet dit. Julle weet waar ek woon, en julle weet alles daarvan af. Dis, dit kan enige tyd ondersoek word. Partymaal kom ek by, nie eers soveel soos, vyftig sent in die bank, van een diens na 'n ander nie. Partymaal ver oortrokke, maar daarin, probeer ek ander help.

7 In elk geval, as hierdie aarde al was wat ek gehad het om na uit te sien, sou ek na aardse goed gesoek het. Maar ek het my begeertes op dinge van bo gevestig, waar God aan die regterhand sit. En eendag sal ek voor Hom moet antwoord vir my rentmeesterskap. En soos Sy mense gegee het, wil ek dit vrylik uitgee soos dit vir my gegee is, tot Sy eer. God seën julle.

Sal ons bid.

8 Vader, ek bid dat U hierdie paar Woorde sal seën wat gelees is uit U Bybel vanaand. Seën al die liedere en die dienste wat was. En nou, soos ons gereedmaak om te bid vir die siekes binne 'n paar oomblikke, mag U Heilige Gees, as't ware, die groot, magtige vlerke uitstrek oor hierdie gebou, en mag die gedistilleerde doudruppels van genade en genesing op elke persoon drup vanaand. Want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

9 Net eenvoudig hiernatoe gekom uit die gebedskamer uit, hiernatoe gekom sonder om 'n woord te praat, net ingestap, hand geskud met Broer Jaggers, en na die platvorm toe beweeg, dit sal my net 'n oomblik neem om te preek. Ek kry soort van die aanpassing van die gevoel van die mense wat in die—in die gebou is. As julle my sal verskoon, net 'n oomblik, vir daardie doel. God seën julle.

10 Nou, ek gaan praat oor Símeon. Símeon was 'n—'n ou wysgeer wat in die dag gelewe het net voor die koms van die Here Jesus die eerste keer. En God het Homself nog nooit sonder 'n getuie gelaat nie. God het nog altyd iemand gehad op hierdie aarde waarop Hy Sy vinger kon lê. Hy het al amper net een persoon oorgehad, maar Hy het altyd iemand gehad waarop Hy Sy vinger kom lê, en sê: "Hierdie is My dienskneg." En in daardie tyd, wel, het Hy 'n paar oorgehad.

11 Israel was opgebreek en teruggeval en het uitgegaan, en God het hulle gestraf. Hulle was onder die Romeinse Ryk op hierdie tyd, en Jerusalem is beheer deur die Romeine. En dit was 'n baie droewige tyd vir die Jode, net voor die koms van die Here Jesus die eerste keer.

12 Maar Hy het 'n oorblyfsel van mense gehad wat gesoek het na iets om te gebeur; maak nie saak hoeveel dae verbygegaan het, hoeveel eeue verbygegaan het nie, hulle het steeds gesoek na die vertroosting van Israel. Soos, daar was Anna in die tempel, die blinde profetes; daar was Símeon, die ou wysgeer, hy het uitgekyk vir die koms van die Here; Johannes die Doper het uitgekyk vir Hom; en baie van die ander wat was, of die

oorblyfsel, liewer, het uitgekyk na Sy koms; Sagaria en Elisabet, en hulle het uitgekyk na Sy koms.

13 En hierdie ou man met 'n groot aansien, die Heilige Gees was op hom. En die Heilige Gees het eendag vir hom gesê: "Símeon, jy gaan nie die dood sien voor jy die Christus gesien het nie." En hy het goeie rede gehad om dit te glo. As die Heilige Gees so gesê het, gaan dit so wees; wat God ook al sê, dis reg. Nou, ek kan my vir Símeon voorstel wat oor die land gaan, sê: "Julle weet, ek gaan nie sterf voor ek die Christus gesien het nie."

14 Nou, julle kan julle voorstel wat mense sou dink. Hulle sou sê: "Wel, daardie arme ou kêrel het . . . iets het verkeerd gegaan met sy verstandelike vermoëns. Sien? Hy is nie reg nie want, wel, kyk, Dawid het na Hom gesoek, en die profete het na Hom gesoek. En hier is ons in die ergste toestand wat ons nog ooit in was, groot ballingskap, en alles. En hoe gaan hy die Christus sien? En hier is hy nou tagtig jaar oud of ouer, een voet in die graf; en tog, gaan hy rond en sê dit. Hy moes opgewerk geraak het in 'n illusie iewers."

En omtrent altyd, wanneer mense God regtig vertrou, dink hulle hulle is—hulle is opgewerk in een of ander soort illusie, of 'n fanatisme, of iets.

15 Net soos Hanna in die tempel was daardie dag. Sy het ingekom, sy het nie opgegaan na die tempel toe om te kyk hoe die vroue hulle hoede dra nie. Sy wou nie praat oor wie die nuwe huis gebou het, watter soort klere die volgende jaar se mode sou wees nie. Sy het reguit na die tempel en na die altaar toe gegaan. Sy het daar neergeval en gebid tot selfs die priester gedink het sy was dronk. Sy was nie dronk nie; sy was verkeerd verstaan.

16 En dis so met baie mense vandag: hulle is nie dronk of mal nie, hulle word verkeerd verstaan, dis, hulle word net verkeerd verstaan. Wanneer jy in die geestelike dinge ingaan . . . die wêreldse dinge . . . wel, hulle lyk vleeslik, die geestelike dinge, vir die wêreldse verstand.

17 En so, Símeon was daardie soort persoon. Maar maak nie saak wat mense van hom gesê het nie, hy het steeds geglo dat hy die Christus sou sien, omdat die Heilige Gees vir hom so gesê het. Nou, dis 'n goeie manier.

18 As die Heilige Gees vir jou enigiets sê, glo jy net dat jy dit gaan kry, en jy gaan dit kry. Maak nie saak hoe lank dit neem nie, Hy sal dit beslis bring. Hy moet net, want Hy het gesê Hy gaan dit doen.

19 En ek kan my net die ou kêrel voorstel wat rondgaan, en getuig, en vir die mense vertel dat hy nie nou sou sterf, voordat hy die Christus gesien het nie. En hy het dit verwag.

En as jy vanaand iets verwag, sal jy kry wat jy verwag. Dis reg.

20 As die . . . As jy kom, sê: "Jy weet, ek glo nie in daardie Volle Evangelie dienste nie. Ek weet daar's iets verkeerd met hulle. Ek gaan soontoe, ek glo ek gaan dit vind." Moenie bekommerd wees nie, die duiwel sal vir jou wys, uh-hum, ja, jy sal—jy sal baie verkeerd sien. Jy sal sê: "Wel, hierdie kêrel behoort nie te geskree het nie. Hierdie man behoort nie in tale te gepraat het nie. Die prediker moes nie gesê het wat hy het nie. Hulle het nie reg aangetrek nie." Hy sal net baie vir jou wys om te kritiseer. As jy kom met die verwagting om te kritiseer, sal hy vir jou wys.

21 Maar as jy kom met die verwagting om geseën te word, sal God daarvoor sorg. Jy sal kry wat jy verwag. As jy verwag om genees te word vanaand, sal jy gesond huis toe gaan. Dis net so. As jy dit verwag. Maar eers moet jy onder verwagting kom. Jy moet dit glo.

22 Dis hoekom niemand die Ster gesien het, in die dae wat dit die wyse manne gelei het, *behalwe* die wyse manne nie: omdat hulle verwag het om dit te sien. Hulle het uitgekyk vir daardie Ster van . . . om op te kom. En die profeet Biléam het gesê dat daar 'n Ster van Jakob sou opkom. En hulle was wyse manne, astroloë ensovoorts, en hulle—hulle het uitgekyk vir daardie Ster. En hulle het daarvoor uitgekyk, dis waarom hulle dit gesien het.

23 As jy uitkyk om die koms van die Here te sien, sal jy dit, ongetwyfeld, sien. Ek glo dat as jy sal uitkyk en glo, vanaand, dat God jou sal genees, sal jy dit kry. En dat, wat julle ook al vra, God dit vir julle sal gee, as julle net nie een sweempie twyfel sal hê nie, maar dit sal glo.

24 En nou, ek kan my dit voorstel in Jerusalem: Die Baba is gebore in die heuwels van Judéa; arm, gebore in 'n krip; en daarbuite by 'n paar skaapwagters. Nou, Hy het nie afgegaan en dit vir al die priesters gaan vertel, of, die Engele het nie die kerk, die groot organisasie van daardie dag besoek, en gesê: "Nou, ons het Christus, die Verlosser gebring," nie. Dit het daardie arm, nederige skaapwagters buite op die heuwels besoek. En by . . . en die arm landbewoners, die armste van die mense, daar het die Engele vir hulle gesing, en gesê: "Vandag, in die stad van Dawid, is Christus die Koning gebore."

25 En ons let ook op, in daardie dag, was daar nie 'n pers soos wat ons vandag het, telefoon, televisie, ensovoorts, om nuus te stuur nie. Dit was net van lip tot oor. Dit het miskien nog nie bo by Jerusalem uitgekom, dat die Babatjie gebore is, of liewer, dat Christus gebore is nie.

26 Maar, kom ons vat nou en sê dis—dis Maandagoggend by die tempel. Daar was waarskynlik tweemiljoen, of meer, Jode in Jerusalem op daardie tyd, of, daar in Palestina. Miskien, was daar dalk ten minste honderd-en-vyftig, of tweehonderd babatjies gebore elke aand, klein manlike babatjies wat besny moes word op die agtste dag. En hulle moes 'n offerande vir

reiniging offer. Wel, kom ons sê dis Maandagoggend, vir 'n dramatjie net vir 'n oomblik, terwyl ons opbou. Maandagoggend, is die aktiwiteit van die—van die tempel besig, en mense kom en gaan, hardloop heen-en-weer, en offer, ensovoorts.

27 Kom ons stel ons ons vriend, Símeon voor, die een wat die belofte van die Heilige Gees gehad het dat hy die Christus sou sien. Ek kan my verbeel hy het, soos hy 'n bietjie ouer geword het, het hy begin wonder, "Wel, God, U het dit vir my belowe, ek glo ek sal dit sien." Hy het gehonger en gedors om dit te sien. Daar was iets binne-in hom wat vir hom gesê het dat hy die Christus sou sien. Die Heilige Gees het aanhou getuig.

28 Soos Dawid gesê het: "Die diepte roep uit na die diepte by die gedruis van die waterstroom." Wanneer die diepte uitroep na die diepte, moet daar 'n diepte wees om te antwoord op daardie uitroep. Het julle dit geweet? As daar iets hierbinne is wat uitroep na iets, moet daar iets wees om te antwoord op daardie uitroep.

29 Ek het al dikwels gesê, deur hieroor te praat: "Voordat daar 'n vin op 'n vis se rug was, moes daar eers 'n water gewees het, vir hom om in te swem, of hy sou nie die vin gehad het nie." Dis reg. Voordat daar 'n boom was om in die aarde te groei, moes daar 'n aarde gewees het daarvoor om in te groei, of daar sou nooit 'n boom gewees het nie.

30 En hier 'n tyd gelede, 'n paar jaar gelede, het ek gelees waar 'n babatjie die rubbers van 'n potlood afgeëet het, die uitveërs, die pedaal van 'n fiets afgeëet het, al die rubber geëet het wat hy kon kry. En hulle het hom dokter toe gevat, en hulle het hom na die laboratorium toe gevat, en hom ondersoek. Uitgevind, sy liggaampie het swael nodig gehad. Swael is in die rubber. Sien, as daar iets *hier*binne was wat gevra het vir swael, moet daar 'n swael wees om te antwoord op daardie aanvraag. As daar is . . .

31 Hier 'n paar jaar gelede, na die eerste hervorming, het die mense begin honger en dors, na die kerk gevestig het in die Anglikaanse Kerk, na die hervorming van Martin Luther, en het hulle begin honger na God, net meer van God, as regverdigmaking.

32 God het 'n man genaamd John Wesley opgerig, wat heiligmaking gepreek het. As hulle geglo het dat daar heiligmaking was, as dit in die Woord was, het hulle dit geglo en hulle het heiligmaking ontvang.

33 Toe, toe hulle, Metodiste, begin afkoel het, was die mense steeds honger vir God. Hy het vir Pinkster opgerig, en hulle het hulle die doop van die Heilige Gees gegee.

34 Nou, koel Pinkster af. God beweeg egter deur, net dieselfde. Sien? Omdat mense nog steeds honger en dors is vir tekens en wonders en God.

35 En so seker as wat julle honger is vir meer van God, is daar beslis meer van God om te antwoord op daardie uitroep. Net presies. Wanneer jy honger is, moet dit daar wees.

36 En nou, Símeon was honger om die Heilige Gees Sy belofte te sien vervul. Ek kan hom agter in die gebedskamer sien, in die groot, yslike tempel daar, daardie oggend, en die mense wat kom en gaan. Kom ons stel ons voor om ons—ons man vanaand te sien waarvan ons praat, Símeon, wat agter in die kamer, die Boek van Jesaja, die boekrol, sit en lees, soos hulle hulle in daardie dae gehad het: "Ons het almal gedwaal soos skape; die Here het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom," ensovoorts.

37 Nou, kom ons kyk buite in die tempel en kyk wat aangaan. En sien die mense kom en gaan. Símeon aan die binnekant, besig om te lees. Daar agter oorkant, sien ek 'n lang ry vroue, omtrent tweehonderd vroue, wat daar staan met hulle kindertjies, om daardie oggend besny te word. Hulle was . . . hier die offerande daarvoor gehad: as dit 'n ryk babatjie was, kon 'n lam offer; as dit 'n arm babatjie was, kon 'n paar tortelduifies offer.

38 Ver agter in die ry, sien ek 'n vroutjie daaronder staan, jonk, nie ouer, as omtrent, agtien jaar oud nie, met 'n sluiertjie oor haar gesig, wat vashou 'n . . . baie eenvoudig aangetrek, en met die Babatjie in haar arms, toegedraai in doeke, en sy kyk na Hom.

39 Ek kan party van die vroue hoor sê: "Julle weet, weet julle wie sy is? Daar sy . . . Dis daardie vrou wat daardie babatjie gehad het sonder om getroud te wees, dis wie dit is." Al daardie swart name, moes sy verduur. Die mense het hulle afstand van haar gehandhaaf.

40 Herinner my aan mense vandag, wat hulle afstand van die Heilige Gees wil handhaaf, van die Kerk van die lewende God: "Kyk na hulle. Hulle is holy-rollers. Bly weg van hulle af." Dis alles reg, Maria het geweet aan Wie daardie Baba behoort. En elke mens wat wedergebore is, weet ook waar hy hoort. Maak nie saak hoeveel die wêreld sê dis fanatisme nie, elke gelowige weet, is sy hart, waar hy staan. Jy kan hom enigiets noem wat jy wil, dit pla hom nie. Hy weet waar hy staan in die Koninkryk van God.

41 Nou, en ek kan hulle hulle afstand sien handhaaf, sê: "Kyk daarna, daar is sy." Maar sy het nooit opgelet nie, sy het net aanhou koer met die Babatjie en aangegaan. En die vroue wat aangaan met hulle mooi naaldwerk aan hulle babatjie. En die Prins van Glorie toegedraai in sweetdoeke. Dis wat hulle van die juk van 'n os afhaal, sê hulle vir my, en die Babatjie toegedraai. Hulle was so arm, niks . . . hulle het niks vir die Babatjie gehad toe Dit gebore was nie. Tog, het die—die Skepper van alles in daardie vrou se arms gelê daardie oggend, selfs sonder 'n kleed om aan te trek.

42 O, goeiste, wie is ons dan? Wat is ons, hier in hierdie wêreld? Wanneer die Verlosser van die Hemel afgekom het, en in 'n krip gebore is, deur die staldeur ingekom het, en uitgegaan het met teregstelling, en ons kla. Goeiste, ons behoort onsself te skaam.

43 En toe, soos ek hom daar sien staan, maar nou is die Heilige Gees in die gebou. Goeiste, ek kan die Heilige Gees vir Símeon sien tref. As die Verlosser in die gebou is, en die Heilige Gees vir Símeon belowe het dat hy Hom sou sien voordat hy sterf, is die Heilige Gees onder verpligting om Símeon in kontak met Jesus te bring. Dis reg. Hy het hom belowe. Dis reg. So, ek kan Símeon die Boekrol sien lees. Dadelik, kan ek hom hoor sê: "Wel, ek wonder Wie dit was? Wanneer sal dit wees?"

44 En omtrent daardie tyd, het die Heilige Gees gesê: "Staan op jou voete, Símeon." Glo julle dat mense, of, kinders van God gelei word deur die Gees van God? Hulle word beslis. Hulle word steeds. Ek kan Hom hoor sê: "Staan op, Símeon, begin loop."

"Waarnatoe wil U hê moet ek gaan, Here?"

"Dit het nou niks met jou te doen nie, Símeon, hou jy net aan loop." Dis reg, gehoorsaamheid is die beste.

45 Ek kan daardie ou wysgeer sien kom, met trane wat van sy wange afdrup, sonder om te weet waarheen hy op pad was. Hier kom hy, aangeloop deur die mense. Hy weet nie waarheen hy gaan nie. Hy word gelei deur die Heilige Gees. Iets in sy hart wat hard pomp: "Ek weet nie wat gaan gebeur nie, maar iets gaan gebeur." Deur die gebou het hy gegaan, reg af met daardie ry waar al daardie vroutjies was, en hy het reg voor daardie vroutjie gestop, wat so verag was; die Baba uit haar arms getel, en trane wat teen sy wange afloop, hy het gesê: "Here, laat U dienskneg nou gaan in vrede, volgens U wil, want . . . U Woord: want my oë het U Verlossing aanskou." Hoe het hy dit geweet? Dit was aan hom belowe. Hy het geglo dat hy dit sou sien. Dis reg.

46 Ver oorkant in 'n hoek, was daar 'n ou vrou, blind, word ons geleer, met die naam van Anna, sy was 'n profetes, Gees-vervuld. Sy het gesoek na die koms van die Here. Die Heilige Gees het haar getref, hier het daardie ou blinde profetes aangekom, tussen die mense deur, gelei deur die Heilige Gees, wat tussen die mense deur beweeg. En sy het reguit gekom tot waar die Baba was, haar hande opgelig, en God geseën. Die Heilige Gees wat 'n blinde vrou na Hom toe gelei het. Goeiste! Seuns en dogters van God word steeds gelei deur die Gees van God. Dis reg.

47 Julle siek mense hier, vanaand, glo in Goddelike genesing. Glo julle? Wel, wat het julle hiernatoe gelei vanaand? Omdat God 'n belofte gegee het, het die Heilige Gees jou hiernatoe gelei waar daar 'n Fontein oop is, vrylik vir wie ook al wil, laat hom kom. Dieselfde Heilige Gees wat vir Símeon gelei het, het jou gelei, want Hy het dit in Sy Woord gegee as 'n belofte. Amen. Ons word gelei deur die Heilige Gees.

48 God het die belofte *hier*in gegee dat Hy Sy gawe sou uitstort in die laaste dae. Hy sou Sy kerk terugherstel na die prag. Wanneer hulle Hom sien staan as Alfa en Omega; om na te kyk soos Jaspis en Sardiussteen; die Eerste, die Laaste; Hy wat was, wat is, en sal kom; die Wortel en Nageslag van Dawid; die Môrester; die Roos van Saron; die Lelie van die Dale: toe hulle Hom gesien het wat Hy toe was, soek hulle na Hom, in hierdie dag. Die profeet het gesê: "Dit sal Lig word in die aandtyd."

49 In die oosterse lande is waar die Evangelie eers gebring is, na die Jode toe, Dis 'n oosterse Boek. En op die oosterse mense, het die Heilige Gees geval, en nou het Hy gesê daar sou 'n dag wees wat nie dag of nag sou wees nie. Ons lewe in daardie tyd. Ons het daardeur gelewe. Dis reg. Dis 'n dag waar dit nie donker is nie, mense glo in verlossing, hulle glo God, maar al die groot Lig van God is verberg deur 'n mis deur al hierdie dae.

50 En nou, het die Seun oorgegaan totdat Dit die westerse mense hier oorkant getref het. En Hy het gesê: "Dit sal Lig word in die aandtyd." Die wolke word weggevee. Dieselfde Heilige Gees wat op die ooste geval het in die begin, val in die westelike halfrond, vandag, op die Heidene, wat vir hulle dieselfde Heilige Gees gee, met dieselfde tekens, dieselfde wonders, en alles in die laaste dae, net soos wat Hy *daardie* gedoen het. Want die profeet het gesê: "Dit sal Lig word in die aandtyd."

51 Die wolke van mite en—en al hierdie kerklikheid hier, en by die kerk aansluit, en kerk, en kerk, en *my* kerk, en *jou* kerk, en *hierdie* kerk: daardie dae vervaag, en God stort die Heilige Gees uit oor mense, om Lig te gee in die aandtyd. En die . . . Dis gereed. Mense kom in die Koninkryk in, dag na dag, op 'n mars.

52 O, ek's so bly vanaand, om te weet dat, dieselfde Heilige Gees wat die belofte vir Símeon gegee het, vir julle die belofte van genesing gegee het, julle na die Fontein toe gebring het vanaand. Hierdie hele gebou is 'n fontein waar die Heilige Gees op elke individu afbeweeg, net nou, hierbinne, met 'n oop hart, en elkeen net nou kan genees, net deur te glo. Dis die enigste ding wat God vir julle vra om te doen. Die Here seën julle, en, verskoon my dat ek soveel tyd geneem het.

Sal ons bid.

53 Vader, in die Naam van die Here Jesus, U geliefde Seun, bid ek dat—dat hierdie groot Lig . . . tog, is die wolke van formaliteit besig om weg te dryf, die Heilige Gees skyn dieselfde soort Lig, hier in die laaste paar jaar, in hierdie Verenigde State, en ander dele van hierdie westerse wêreld. En nou, neem hulle dieselfde Boodskap terug om weer by die ooste aan te sluit. O Here, laat die Seun op elke siel skyn. Laat elke persoon besef dat die hele dag van denominasie waardeur ons gelewe het, bewolk was, in-en-uit, op-en-af, ismes, ensovoorts, maar: "Dit sal Lig word," het die profeet gesê: "in die aand."

54 Nou, ons sien uit dat U die uitermatige oorvloedige sal doen vanaand. Gooi uit U groot krag, Here. Wys U opstanding vir ons, en seën die mense wat hierbinne is vanaand. Ontvang glorie uit die diens. Verberg U dienskneg, en besny die lippe van die spreker, die ore van die hoorder, en mag elke hart gevul word.

55 En wanneer ons vertrek vanaand, mag ons sê, soos hulle van Emmaus: "Was ons harte nie brandende in ons, as gevolg van die vreemde ding wat ons Here gedoen het nie." Ons vra, in Sy Naam. Amen.

56 Ek weet nie hoekom ek so begin praat nie. Ek net. . . Ek—ek hou net daarvan. En dis. . . Sit hier saam met hierdie bank predikers hier, almal Gees-vervuld, wat so sit, en ek staan in die middel daarvan.

Hmm, wat kan gebeur? Enigiets kan gebeur. En hier is al wat dit kos, vriend.

As daar een ding was wat ek kon doen. Ek's—ek's nie veel van 'n spreker nie; die sprekers is hier op die platvorm. Ek's hier om te bid vir die siekes met 'n—'n gawe.

En wanneer julle ook al die bediening die Woord so duidelik sien verkondig, julle God sien neerdaal en die daardie Woord bevestig, waarvoor wag julle? Waarom wag?

57 Dan is dit tyd om op te staan, en te sê: "Ja, Here," met 'n ferm, standvastige geloof: "my geloof kyk op na U. Ek glo U. Ek sal by U bly, Here. U is die Stuurman van my skip; neem my deur, Here. Ek het gekom om saam met U deur te gaan. Maak nie saak wat die koste is, wat die prys is, wat die afstand is nie, ek sal hierdie skip saam met U seil."

God skenk dit vanaand, deur Jesus' Naam.

58 Nou, dis amper tyd om die ouditorium te sluit, neem ek aan. Ons neem soveel tyd in beslag om te praat. Maar, o, ek weet nie, ons is net lief vir julle, en dis hoekom ons dit doen.

59 Waar's Billy Paul? Watter kaartjies. . . Het hulle enige kaartjies uitgegee? K, vyftig tot eenhonderd. Goed, kom ons begin by vyf-en-sewentig, daarby, dan. K, vyf-en-sewentig. Wie het K, vyf-en-sewentig, die kaartjie? Goed, ses-en-sewentig? Kom maar op tot 'n honderd; dit sal ons vyf-en-twintig gee om mee te begin.

(Ek glo dis omtrent soveel. . . Kan ons soveel laat staan? Kom ons maak omtrent vyftien, eers, of, wat daarvan?)

60 Goed. K, vyf-en-sewentig tot negentig vir 'n. . . ons sal dan van daar af roep. Goed. En dan sal ons kyk hoeveel ons nog kan inkry. Goed. Sal julle staan? As hulle wat nie kan staan nie, net 'n plekaanwyser sal roep en hulle sal—en hulle sal julle help, as julle sal.

61 Goed, as die orrelis weer vir ons daardie pragtige lied sal gee, *Glo Net*, sal ek dit baie waardeer. En—en kom ons sing dit almal soort van saam, neurie dit, of een of ander manier, *Glo Net*. Goed. (Wie is die sangleier hier?)

> . . .-t glo, glo net,
> Alles is moontlik, glo net;
> Glo net, glo net,
> Alles is moontlik, net . . . (Vyf-en-sewentig tot 'n honderd.)

Die Here seën julle. Nou, ek wil hê julle moet hierdie kant toe kyk, en vir my julle onverdeelde aandag gee net vir 'n oomblik, as julle sal.

62 Kom ons verbeel ons net vanaand, nou . . . Nou, ons weet julle het julle môre se aktiwiteite, as dit kom. As dit nie, sal ons saam in die Heerlikheid wees, so dit sal dit afhandel. Kom ons sê net vanaand, wel, ons het vanaand en môre-aand in hierdie pragtige Shriner Ouditorium.

63 Kom ons sê vanaand is die aand wat ons genees gaan word: "Vanaand gaan ek, Here, gaan ek net die blindings van al my—my ongeloof toetrek. Ek gaan nie meer twyfel nie. Ek gaan myself afsluit, om boontoe te kyk vanaand. Ek gaan nie oplet wie rondom my sit nie. Ek gaan boontoe kyk. Ek gaan soek na U, Here Jesus. Ek gaan U glo, dat U gaan kom en doen wat U gesê het U gaan doen. Nou, waarna gaan ek soek, Here? U het gesê U het uit die dood uit opgestaan en dat U vir ewig lewe." Is dit die Skrif? Vir ewig lewend, nie dood nie, vir ewig lewend. "En die Skrif leer dat U dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid. Nou, Vader, ek besef dat U vir U kerk belowe het, dat die dinge wat U doen, hulle ook sou doen. Nou wat het U gedoen toe U hier op aarde was, volgens die lees van die Bybel? Wel, U het nie aanspraak gemaak om 'n groot persoon te wees nie."

64 Maar daar is een fenomenale ding van Hom: Hy het gesê: "Ek doen net wat die Vader My wys: Ek sien 'n visioen, die Vader wys My wat om te doen, dan doen Ek dit."

65 'n Vrou het na Hom toe gekom, sy was soort van ontugtig. Hy het dit, miskien, eers nie geweet nie. Hy het met haar begin praat, en na Hy 'n rukkie met haar gepraat het, het Hy gesê: "Gaan haal jou man."

Sy het gesê: "Ek het nie 'n man nie." Sy . . .

Hy het gesê: "Nee, jy het vyf gehad." Dit het haar verstom.

En sy het gesê: "Ek sien dat U 'n profeet is. Ons weet dat Messias kom."

Hy het gesê: "Ek is Hy." So, sy het in die stad ingehardloop en begin vertel wat gebeur het, veroorsaak dat die stad vir Christus aanvaar het.

En Filippus het soontoe gegaan en ’n groot herlewing gehou omdat Jesus daar deurgegaan het.

Ons sal ’n groot herlewing hê as ons Hom net *hier* sal laat deurkom.

66 Ons sien ander kere: Ons sien Hy het geweet waar iemand was wat ’n—’n vis gehad het wat ’n muntstuk in sy mond gehad het. Hy het geweet waar ’n paar muile vasgemaak gestaan het, by ’n kruispad. Is dit Skrif?

67 Daar was ’n man wat na Hom toe gekom het, eenkeer, met die naam van Simon. Jesus het sy naam geken. Hy het gesê: “Jou naam is Simon, maar jy sal van nou af Petrus genoem word.”

68 Daar was Filippus wat na Hom toe gekom het, en vir Natanael gaan kry het, en Natanael het gekom. Hy het gesê: “Jy’s ’n goeie man, ’n opregte, eerlike man. Aanskou ’n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!”

Hy het gesê: “Rabbi, wanneer het U my geken?”

Hy het gesê: “Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was.” Uh-huh.

Hy het gesê: “U is die Seun van God; U is die Koning van Israel.”

69 Maar vandag is ’n koue en ongevoelige wêreld, die predikers van die land het mense teen daardie dinge geleer. Vandag, sê hulle: “Dis verstandstelepatie, dis die duiwel.” Wel, hulle het dieselfde ding in daardie dag gedoen. Hulle het gesê Jesus was die beste van al die fortuinvertellers; Hy was “Beëlsebub.” Maar Hy was die Seun van God, in vermomming, hulle het Hom nie geken nie. Hulle het hulle oë oopgemaak . . .

70 Hy het gesê: “Julle het oë, julle kan nie sien nie; ore, maar kan nie hoor nie. Jesaja het daarvan gepraat, en gesê daardie dinge sou wees, dat dit net so sou wees.”

71 Nou, ek gaan julle een ding vra vanaand, as julle sal. Ek wil hê julle moet net so eerbiedig en stil wees. En nou, die broers sal my dophou en kyk . . .

(Het julle almal . . . die twin- . . . die . . . hoeveel mense het ons geroep? Vyftien. Goed. Is daar plek vir nog? Is daar? Sê wat? Goed.)

72 Goed. Nou, ek wil vir jou iets vra, Christenvriend: Hoeveel daarbuite in hierdie paadjie, enige plek, enige plek hier wat siek is, en jy het nie ’n gebedskaartjie nie, jy kan nie hierbo op die plek opkom nie, want jy het nie ’n gebedskaartjie nie? Steek op jou hand, sê: “Ek wil hê God moet my genees, vanaand.” Enige plek in die gebou, ek gee nie om waar jy is nie, steek net jou hand op. Goed. Nou, kyk julle hiernatoe en glo en bid.

73 Nou, dit help nie om dit te probeer verduidelik nie. Ons Here Jesus het oor Sy gehoor gekyk, Hy het vir ’n vrou gesê wat ’n

bloedvloeiing gehad het: "Jou geloof het jou gesond gemaak." Hy het vir 'n blinde man, wat ver oorkant in die gehoor gestaan het, gesê: "Jou geloof het jou gered." Sien. Hy het omgedraai en na die gehoor gekyk, hulle gedagtes onderskei. Is dit reg? Hy het hulle gedagtes onderskei, waaraan hulle gedink het. Nou, begin julle bid, en mag die Here Jesus my nou kom help.

Skenk dit, Here, tot U eer, vra ek, in Christus' Naam. Amen.

74 Nou, die Heilige Gees is hier. Nou, broers, julle agter my, natuurlik is hierdie baie moeilik wanneer geeste, van beide kante af kom. So, nou, wees in gebed vir my, oral. Julle besef ek staan hier voor kritici? Julle . . . Net sodra hierdie salwing tref, kan jy dit voel, kolle wat van plek tot plek af kom, julle sien. En dis soort van moeilik, maar bid julle nou; bou 'n muur van geloof.

75 Goed, broer, bring die—die dame. Die pasiënte wat in die ry kom, julle wat hier in 'n ry staan, of enige plek in die gebou, moet nooit in hierdie gebedsry kom as julle nie glo nie. Want onthou, julle sal erger wees as ooit tevore. Die Bybel het gesê: "Gaan jy, en . . ." wat nie meer nie? [Die gemeente sê: "Sondig."—Red.] Wat is *sonde*? "Ongeloof." "Gaan en moenie meer twyfel nie, of jy sal 'n erger ding oorkom." Sien. So julle moenie twyfel nie.

76 Nou, lieg, steel, drink, dobbel: dis nie sonde nie, dis die eienskappe van sonde. Jy doen dit omdat jy nie glo nie. As jy glo, sal jy nie sulke dinge doen nie. Sien, dis die eienskap.

77 Hierdie mense is vreemdelinge vir my, sover ek weet. My tuiste is in Indiana. Hierdie mense is totale vreemdelinge, sover ek weet. Daar's niemand in die gebou wat ek sal ken, in die gehoor op hierdie tyd nie; net 'n paar van hulle op die platvorm wat ek herken. Broer Brown, Broer Moore, en party van hierdie broers wat net hier sit. Almagtige God weet dis waar, voor Wie ek staan, maar Hy ken elkeen van julle. Bid en glo.

78 Ek wil net 'n bietjie met die vrou praat, net sodat die Heilige Gees die voorrang kan geniet in hierdie diens. Nou, die eerste ding, my suster, wil ek vir jou 'n vraag vra. Nou, miskien, wat as die Here Jesus hier was, in hierdie pak klere wat Hy vir my gegee het? Nou, as jy sou sê: "Wel, ek's siek. Ek het genesing nodig."

79 Wel, as . . . Hy sou sê: "Ek het dit vir jou negentien honderd jaar gelede gedoen. Glo jy dit nie?" Sien? Hy kon jou nie genees nie, want Hy het dit alreeds gedoen. As jy sou sê: "Ek's 'n sondaar. Ek het verlossing nodig." Hy kon jou nie nou red nie, Hy het dit alreeds gedoen. Jy moet dit aanvaar, dan is dit joune. Sien.

80 Nou, sien, as geloof kom deur die Woord te hoor, dan het God verskillende gawes in die kerk geplaas, en die kerk in orde geplaas. Is dit nie reg nie?

81 Nou, ek praat met jou vir 'n doel, natuurlik. Reg. Dieselfde doel waaroor Jesus met die vrou by die put gepraat het, sien: om jou gees en siel te kontak. Dis reg. En ek wil hê jy moet met jou

hele hart glo, en glo dat Jesus Christus hier is om dit te doen, wat ons Hom gevra het om te doen. Glo jy dit met jou hele hart? As God my sal laat weet, wetende dat ons vreemdelinge vir mekaar is, as God my sal laat weet wat jou probleem is, sal jy dan aanvaar wat jy ook al wou hê, dit glo?

82 As—as ons vreemdelinge is, steek jou hande op sodat die . . . Ons het nog nooit in ons—in ons lewens mekaar gesien nie? Hierdie is . . . Of—of nog nooit met mekaar in kontak gekom, op geen manier hoegenaamd nie, staan net hier. Nou, glo jy, nou, dat God jou gaan help?

83 Nou, jy—jy ly. Daar's iets wat iemand agtertoe kyk. Jy het jou kop agteroor. Dis 'n—dis 'n—'n gewas. En die gewas is in die neus. Dis reg, is dit nie? Kom hier. Wat dink jy? Wat aanvaar jy was dit, wat my laat weet het wat jou probleem was? Glo jy dat dit Jesus Christus is? [Die suster sê: "Ja, ek glo."—Red.]

84 Dan Vader, ek het dit gedoen wat U vir my gesê het om te doen. Ek het alles toevertrou wat U my gesê het. U het bevestig wat U vir my gesê het, U sou doen. Nou, in die Naam van Jesus Christus, die Seun van God, vra ek die vyand om hierdie suster te verlaat, vra hom nie net nie, maar beveel dat hy gaan omdat Jesus Christus die gesag gegee het:

Kom uit die vrou uit!

In Jesus' Naam, Amen.

Goed, suster, gaan, blymoedig, gelukkig, wees nou gesond. Goed.

85 Kom gelowig. Kom met geloof. Julle behoort net nou geloof te hê, net met julle hele hart moet julle glo. Julle moet glo dat Hy is, en 'n Beloner van hulle wat Hom ywerig soek. Nou, wees net so eerbiedig as wat julle kan.

86 Nou, dame, ek wil hê jy moet net 'n oomblik hier kom. Ek wil hê jy moet net glo dat die Here Jesus Christus gesterf en weer opgestaan het, wat jy 'n Christen is. Ek sien dit nou, 'n Geesvervulde Christen. Goed. Hoe ek dit geweet het, is as gevolg van die gevoel van jou gees, sien, wat jy is. Nou, daar's iets waarvoor jy hier is. Glo jy dat ek Sy dienskneg is? Glo jy dat God my gestuur het om hierdie dinge te doen? Jy glo. Nou, wat dit is, die fout met jou, jy kort iets in jou liggaam. Dis 'n kalsium vir been. Jy het 'n ongeluk gehad. Jy het geval en jou arm gebreek en dit wil nie genees nie. Dis reg. Glo jy dat Jesus Christus jou nou gaan genees?

87 Vader God, in die Naam van Jesus, laat die elemente wat in hierdie vrou se liggaam ontbreek, herstel word soos ek hande op haar lê. In die Naam van Jesus Christus, die Seun van God, vra vir haar genesing. Amen.

God seën jou, suster. Gaan blymoedig.

88 Die gekleurde dame, wat daar reg agter sit, wat ly aan sinusprobleme, wil jy genees word, dame, op hierdie tyd? Wat net daar sit, kyk na . . . Ja, glo jy God genees? Staan op jou voete. Die dame net hier, bril op, staan net op jou voete. Hy het jou daar genees. God seën jou. Nou, jy kan huis toe gaan. Jy het sinusprobleme gehad. Dit het jou nou verlaat. God seën jou, jy's genees.

Hê geloof in God. Glo net; glo dat God kan, en sal. Goed.

89 Sal julle die dame bring? Die Here seën jou, suster. Nou, natuurlik, te praat net . . . Gewoonlik probeer ek sien wat verkeerd is met die persoon; en sodra die Heilige Gees my wys, gee ek dit oor en volstaan daarmee; maar meer jy met mense praat, meer weet jy van hulle af. Dit bly net . . . Maar dan verswak dit my so om 'n visioen te sien.

90 'n Vrou wat hier op krukke staan, ons sien beslis wat verkeerd is met haar. Sy's op krukke, maar daar mag iets anders agter dit wees. Ek weet nie. Hoekom is sy op krukke? Ek kan julle nie sê nie. God weet, weet Hy nie? Nou, wees julle eerbiedig. Laat ek 'n oomblik met die vrou praat.

91 Suster, as Sy dienskneg, wil ek net hierdie woorde met jou praat, vir 'n kontak. En jy besef dat daar alreeds iets aangaan omdat dit—dit die Heilige Gees is. Jy's—jy's bewus dat daar Iets vreemds beweeg. Is dit reg? Skud jou kop as dit is. Dis reg. Sien?

92 Het jy daardie foto van die Engel van die Here gesien wat hulle, hier in die diens het? Hierdie was . . . Hulle het dit op hierdie papiertjies gehad. Ek dink hulle verkoop hulle hier, jy sien. Dit behoort by die platvorm te wees. Maar, hoe ook al, dis wat jy nou voel.

93 Tussen my en jou, word dit melkerig. Ons is totale vreemdelinge vir mekaar. Ek het jou nog nooit in my lewe gesien nie. Jy het my nog nooit gesien nie. Ons is volkome, totale vreemdelinge. Maar, God ken jou. Hy ken my. As ek jou kon genees, of jou krukke kon vat, of is, wat dit ook al is, en dit nie sou doen nie, sou ek 'n wreedaard wees. Ek kan dit nie doen nie, dame. Daar's niks in my, of in enige ander mens, om te genees nie. Dis in Jesus Christus en jou geloof. Die enigste ding wat ons kan doen is, óf, die Woord te preek, óf deur een of ander Goddelike gawe, jou geloof te laat opreik na daardie plek. Is dit nie reg nie? Glo jy dit.

94 Nou, kyk jy net na my as God se dienskneg. Jy—jy was baie siek gewees. Dis 'n . . . jy—jy, dit was, daar is voorheen vir jou gebid. Dit was 'n sekere soort bloeding, of, kanker. Dit was 'n lang man, soort van golwende hare, wat gebid het. Jy is genees. Dit was Broer Jaggers. Ek het hom gesien; dit was Broer Jaggers. Ek het hom sy rug na my toe sien draai, net toe. En jy—jy ly aan 'n . . . Net 'n oomblik, nou vir die vi-. . . Dis—dis iets in jou keel. Dis die oesofagus, in die keel hier. En jy's—jy's op 'n dieet

van—van—van—van babakos, net babakos eet. En—en—en jy het artritis, ook, wat jou kreupel maak. En, God seën jou.

Kom ons steek ons hande op en dank die Here Jesus. God seën jou. Gaan van die platvorm af, suster.

95 O, God, ons Hemelse Vader, ons dank U vir U genade, en goedheid, en U liefde. En ek bid dat U genade op die mense sal wees, en mag die krag van die Here Jesus ieder en elk vanaand genees.

Mag Sy groot almagtige seëninge hierdie diens die groot diens maak wat U wou hê, deur Je- . . .

SÍMEON AFR54-0804
(Simeon)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Woensdagaand, 4 Augustus 1954, by die Shriner Tempel in Los Angeles, Kalifornië, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2020 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
58 DISA ROAD, ADMIRAL'S PARK, GORDON'S BAY 7140 WESTERN CAPE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org